Downloaded from Stanmorephysics.com AFR. GR 9

| | | |
|---|---|---|
| | **GRAAD 9** | **GEDIG** **AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL** |
| | *Eksieperfeksie – Alta Marincowitz* | **<u>MAAK NOTAS HIERONDER!!!!!</u>** |
| |  | **<u>Titel:</u>** |
| 1 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | |
| 2 | Ek lyk op 'n haar na Ma | |
| 3 | en Boetie trek op Pa. | |
| 4 | Eksieperfeksie. | |
| | | |
| 5 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | |
| 6 | Eet lae-GI-hawermout, | |
| 7 | groente, vrugte, witvleis en min sout. | |
| 8 | Eksieperfeksie. | |
| | | |
| 9 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | |
| 10 | Staan soggens op vir gym: | |
| 11 | swem, Pilates, gewigte, spin. | |
| 12 | Eksieperfeksie. | |
| | | |
| 13 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | |
| 14 | Pa en Ma het goeie werk, | |
| 15 | kinders presteer, en Sondae is dit kerk. | |
| 16 | Eksieperfeksie. | |
| | | |
| 17 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | |
| 18 | Ons hou van kuns en maak musiek, | |
| 19 | Word omring deur 'n goeie vriendekliek. | |
| 20 | Eksieperfeksie. | |
| | | |
| 21 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | |
| 22 | Net ek word 'n bietjie vet. | |
| 23 | Ek gaan gereeld na die toilet, | |
| 24 | druk 'n vinger in my keel en spoel | |
| 25 | en was en was my hande. | |
| | | |
| 26 | Eksieperfeksie. | |

Hier is 'n link om visuele aanbieding te kyk:<u>https://prezi.com/1dxdh_ekmcp1/eksieperfesie</u>

Downloaded from Stanmorephysics.com

**WOORDESKAT**

| | |
|---|---|
| eksieperfeksie | even better than perfect |
| gesin | immediate family |
| lyk op 'n haar na Ma | looks a lot like Mom |
| trek op Pa | has dad's features |
| hawermout | oats |
| groente | vegetables |
| vrugte | fruit |
| witvleis | white meat |
| min sout | only a little bit of salt |
| soggens | in the morning |
| gewigte | weights |
| goeie werk | good jobs |
| presteer | achieve |
| kerk | church |
| kuns | art |
| maak musiek | make music |
| Sondae | Sundays |
| omring | surrounded |
| vriendekliek | clique of friends |
| net | only |
| bietjie | a little bit |
| vet | fat |
| gereeld | often |
| keel | throat |
| spoel | flush |
| was | wash |

https://quizlet.com

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Eksieperfeksie** – Volmaak/sonder foute/iets reg doen

Die titel van die gedig beteken om iets buitengewoon sorgvuldig te doen. Om iets tot in die fynste besonderhede reg te doen, met ander woorde om perfek te wees.

**MOONTLIKE OORSPRONG VAN DIE WOORD**:

In Duitsland: 'n towenaar se towerwoorde terwyl hy sy toertjies doen. "experfex"
Sinspeel op die feit dat alles "eksieperfeksie" is, maar dit is nie die werklikheid nie. Dit is 'n illusie
[maroelamedia.co.za/afrikaans/idiome-en-uitdrukkings/uitdrukking-eksieperfeksie]

| **7 STOFES** | | **STROFE 1** | |
|---|---|---|---|
| **KWATRYN: 4 reëls** | 1 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | Die dogter lyk byna dieselfde as die ma en die seun lyk byna soos sy pa.Die gesin is 'n perfekte gesin. Die ouers en die kinders lyk dieselfde. Dus op voorkoms, is hulle perfek geskape. "eksieperfeksie" kom twee keer in die eerste ses strofes voor. Die eerste reël van elke strofe is presies dieselfde. Die frase word regdeur die gedig herhaal.Die spreker in die gedig is 'n tiener meisie, 'n "ek-spreker" wat die "ons" beskryf. Eindrym kom voor "Ma" /"Pa" Middelste twee reëls van elke strofe rym.(Bindingsfunksie) Punktuasie. Die gebruik van punktuasie, nl. die punt word perfek toegepas in hierdie strofe. Dit dien as afronding en perfeksie. **PUNKTUASIE: PUNT**-Kan dui op volmaakheid van gesin. Die gesin is uiterlik volmaak ,maar is dalk innerlik ongelukkig. Hul volmaaktheid dalk 'n illusie.(towerwoord) |
| | 2 | Ek lyk op 'n haar na Ma | |
| | 3 | en Boetie trek op Pa. | |
| | 4 | Eksieperfeksie. | |
| | | **STROFE 2** | |
| **KWATRYN:4 reëls** | 5 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | Herhaling: Dit beklemtoon die idee van die gesin se perfeksie. |
| | 6 | Eet lae-GI-hawermout, | Die gesin het gesonde eetgewoontes. Gesonde kos is nie altyd lekker nie. Hul moet die lekker eetgoed prysgee in hul strewe na perfeksie. |
| | 7 | groente, vrugte, witvleis en min sout. | |
| | 8 | Eksieperfeksie. | Titel word herhaal aan die einde van elke strofe beklemtoon/bevestig dat alles perfek is! |
| | | **STROFE 3** | |
| **YN: 4** | 9 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | Die gesin strewe na fisiese perfeksie. Tog moet hul |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 10 | Staan soggens op vir gym: | baie opoffer, hul moet vroeg opstaan. Moet 'n prys betaal vir perfeksie. **Die dubbelpunt**: Verduideliking volg waarom hul vroeg moet opstaan. ' Lys van dinge word genoem waaruit hul "gym" bestaan. |
| | 11 | swem, Pilates, gewigte, spin. | |
| | 12 | Eksieperfeksie. | |
| | | **STROFE 4** | |
| **KWATRYN:4 reëls** | 13 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | Hul voldoen aan alles wat die samelewing verwag. Hul besit status en is voorbeeldig. Is Godsdienstig. Hul het morele waardes. Niemand kan 'n vinger na hul wys nie. Hul is verantwoordelik en hardwerkend. **Komma:** Klem val op die woorde **werk** en **presteer.** |
| | 14 | Pa en Ma het goeie werk, | |
| | 15 | **k**inders presteer, en Sondae is dit **k**erk. | |
| | 16 | Eksieperfeksie. | |
| | | **STROFE 5** | |
| **KWATRYN:4 reëls** | 17 | **Ons** is 'n eksieperfeksie gesin. | Hul het kulturele waardes. Omring en kliek: Woordspeling: 'n kliek is 'n groep vriende wat jou omring. Kan ook sinspeel op die feit dat hul vasgevang word deur hul vriende het nie wye vriendekring nie. **Beginrym**: "**Ons**" ... "**Ons**" beklemtoon daar is 'n gehegtheid/eendersheid tussen die lede van die gesin. Staan in kontras met "Net ek" waar dit 'n verskil in die tienermeisie aandui. |
| | 18 | **Ons** hou van kuns en maak musiek, | |
| | 19 | word omring deur 'n goeie vriendekliek. | |
| | 20 | Eksieperfeksie. | |
| | | **STROFE 6** | |
| **KWINTET: 5 reëls** | 21 | Ons is 'n eksieperfeksie gesin. | Eksieperfeksie kom slegs **EEN** keer in hierdie strofe voor. Dit dui 'n wending (verandering aan.) Fokus op die tienermeisie in die gesin en hoe sy haarself siek maak omdat sy wil inpas by haar perfekte gesin. Kontras: "**Ons**" teenoor "**Net ek**". Sy is nie perfek omdat sy "'n bietjie vet" is en verkeer moontlik onder baie druk en het nou 'n eetversteuring (bulimie) opgedoen. **Herhaling**:" en was en was" beklemtoon haar desperaatheid om "skoon" of "perfek" te wees. **Konnotasie:** 1) Sy spoel haar probleme weg. 2) Sy probeer haar hande skoonwas omdat dit nou moontlik besmet is. Sy probeer haar **onperfektheid** weg was. **Implikasie**: Sy gaan alleen toilet toe wat beteken haar gesin deel nie haar probleme nie. Sy is moontlik skaam |
| | 22 | Net ek word 'n bietjie vet. | |
| | 23 | Ek **gaan** **g**ereeld na die toilet, | |
| | 24 | druk 'n vinger in my keel **en** spoel | |
| | 25 | **en** was **en** was my hande. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | om hul deel van haar onperfektheid te maak.Hul verhouding is oppervlakig en nie diep nie.<br>**Polisenditon**: Die herhaling van die woord "**en**" dien as bindmiddel en beklemtoon haar obsessie om haar hande te was. |
| | | **STROFE 7** | |
| VERSREËL | 26 | Eksieperfeksie. | **Alleenplasing**. Die strofe bestaan uit **EEN** woord. Herhaling van die titel. Die wrede siklus van haar gesinslewe gaan aan asof niks verkeerd is nie. Dit beklemtoon die **ironie**-die gesin is nie so perfek soos wat hul wil voorgee nie. Die reël kan ook verwys na haar "**alleenheid**" met haar probleem. Sy staan nou alleen. Dit is vir die tiener soos towerwoorde: "experfex" Sy maak asof niks verkeerd is nie maar dit is slegs 'n illusie. In werklikheid kan sy nie die druk van die samelewing en haar gesin hanteer nie.<br>**Stemming**: Hartseer/skok/teleurstelling.<br>**Tema**: **Universeel**-'n Mens sal baie opoffer net om in te pas./perfek voor te kom.<br>**Boodskap/Les**: Jy moet jouself aanvaar nes jy is. |

## LITERÊRE ASPEKTE:

| | |
|---|---|
| 1.1 | Kies die korrekte antwoord om die stelling te voltooi. |
| | Hierdie gedig is 'n voorbeeld van 'n … |
| | a) Italiaanse Sonnet |
| | b) Engelse Sonnet |
| | c) Vrye Vers |
| | d) Haikoe |
| 1.2 | Noem twee redes vir jou antwoord in 1.1 |
| 1.3 | Kies die korrekte antantwoord en skryf dit neer. |
| | Wat noem ons strofe 6 wat uit vyf reëls bestaan? |
| | A tersiene |
| | B kwintet |
| | C kwatryn |
| | D sestet |
| 1.4 | Kies die korrekte antantwoord en skryf dit neer. |
| | Wat noem ons strofe 1 wat uit vier reëls bestaan? |
| | A tersiene |
| | B kwintet |
| | C kwatryn |
| | D koeplet |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| 1.5 | Kies die korrekte antwoord tussen hakies om die sin te voltooi. |
| | Strofe 7 bestaan uit een reël, ons noem dit (**voorplasing/alleenplasing/agterplasing**) |
| 1.6 | Gee 'n voorbeeld van **alliterasie** in strofe 5. |
| | Skryf die woorde neer en onthou om die **alliterende**(halfrym) klanke te onderstreep |
| 1.7 | Gee 'n voorbeeld van **assonansie** (halfrym) in strofe 4. |
| | Skryf die woorde neer en onthou om die rymklanke te onderstreep |
| 1.8 | Die woord "Eksieperfeksie" word gereeld herhaal. Wat is die effek van die **herhaling**? |
| 1.9 | Watter tipe **spreker** kry ons in die gedig? |
| 1.10 | Wie is die **spreker** in die gedig? |
| 1.11 | In watter strofe kom die **wending** of **keerpunt** in die gedig voor? |
| 1.12 | Haal die woorde uit strofe 6 aan wat kontras aandui. |
| 1.13 | Wat is die funksie van **alleenplasing** in strofe 7? |
| 1.14 | Wat is die funsie van die **herhaling** van die volgende woorde: |
| | **"en** was **en** was my hande." |
| 1.15 | Wat noem ons die **herhaling** van die voegwoorde in die onderstaande reël? |
| | **"en** was **en** was my hande |
| 1.16 | Wat is die funksie van die **komma** in die onderstaande reël? |
| | "kinders presteer, en Sondae is dit kerk." |
| 1.17 | Wat is die funksie van die **dubbelpunt** in strofe 3? |
| | Staan soggens op vir gym: |
| 1.18 | Verduidelik die **IRONIE in** die woord "eksieperfeksie". |
| 1.19 | Die titel van die gedig word in die laaste strofe herhaal. Verduidelik wat dit moontlik kan impliseer. |
| 1.20 | **Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi.** |
| | <u>**Ons**</u> is 'n eksieperfeksie gesin. |
| | <u>**Ons**</u> hou van kuns en <u>m</u>aak <u>m</u>usiek, |
| | Die onderstreepte woord word aan die begin van elke reël herhaal, ons noem hierdie stylfiguur (**binnerym/beginrym**) |

## KONTEKSTUELE VRAE:

| | |
|---|---|
| 1.1 | Uit hoeveel lede bestaan die gesin? |
| 1.2 | Watter woord dui moontlik aan dat die gesin geheg is? |
| 1.3 | Watter informasie oor die gesin kry ons in strofe 1? |
| 1.4 | Wat vertel strofe 2 ons omtrent die gesin? |
| 1.5 | Watter implikasies is daar vir die feit dat hul dophou wat hul eet? |
| 1.6 | Wat sê die woorde "min sout" omtrent hoe hul kos smaak? |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| 1.7 | Waarom eet die gesin hierdie tipe kos? |
| 1.8 | Wat eet hul vir ontbyt? |
| 1.9 | Waaruit bestaan die gesin se fiksheidsorogram? Noem 4 DINGE. |
| 1.10 | Watter opoffering moet hul maak omdat hul fisies gesond wil wees? |
| 1.12 | Hoe weet jy dat die kinders nog op skool is? Gee 'n rede vir jou antwoord. |
| 1.13 | Dink jy die ouers kry hoë salarisse? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. |
| 1.14 | Wat impliseer die volgende woorde oor die gesin? |
| | "Sondae is dit kerk." |
| 1.15 | Hoe weet jy dat hul Christene is? |
| 1.16 | Bespeel die gesin moontlik musiekinstrumente? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. |
| 1.17 | Haal **TWEE** woorde uit strofe **5** aan wat min of meer dieselfde betekenis het. |
| 1.18 | Watter negatiewe implikasie het die woorde "omring" en vriendekliek"? |
| 1.19 | Waarom kom "Eksieperfeksie" slegs **EEN** keer in strofe 6 voor? Verduidelik jou antwoord. |
| 1.20 | Hoe weet ons dat die ek-spreker nie altyd eksieperfeksie is nie?<br>Motiveer jou antwoord. |
| 1.21 | Wat doen die meisie om te verhoed dat sy verder vet word? |
| 1.22 | Aan watter siekte ly die meisie? |
| 1.23 | Waarom ly sy nou aan hierdie siekte? |
| 1.24 | Hoe dink jy voel die meisie oor haar siekte? |
| 1.25 | Waarop sinspeel die woord "**druk**" in strofe **6**? Gee 'n rede vir jou antwoord |
| 1.26 | Verdeuidelik die konnotatiewe betekenis van die onderstaande woorde: |
| 1.26.1 | "spoel" |
| 1.26.2 | "was" |
| 1.27 | Wat is die tema van hierdie gedig? |
| 1.28 | Wat is die boodskap van hierdie gedig? |
| 1.29 | Waarom kan ons sê dat die gedig 'n anti-klimaks bevat? |
| 1.30 | Sou jy gelukkig gewees het as jy deel van hierdie gesin was? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. |

**ANTWOORDE**

**LITERÊRE ASPEKTE:**

| | |
|---|---|
| 1.1 | Vrye vers |
| 1.2 | Dit is langer as 14 reëls. Die gedig bevat gebroke rym. Daar is geen oktaaf en sestet. Onreëlmatige strofebou. |
| 1.3 | B Kwintet |
| 1.4 | C Kwatryn |
| 1.5 | Alleenplasing |
| 1.6 | Ons hou van kuns en <u>m</u>aak <u>m</u>usiek, |
| 1.7 | P<u>a</u> en M<u>a</u> het goeie werk, |
| 1.8 | Hul volmaaktheid van die gesin word beklemtoon. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| 1.9 | Ek-spreker |
| 1.10 | 'n tienermeisie |
| 1.11 | Stofe 6 |
| 1.12 | "Ons" en "Net ek" |
| 1.13 | Dit dien as uitheffing./Die woord moet uitstaan. |
| 1.14 | Dit beklemtoon haar desperaatheid om skoon of perfek te wees. |
| 1.15 | Polisenditon. |
| 1.16 | Die Klem val op die woord presteer. |
| 1.17 | 'n Verduideliking volg waarom hul vroeg moet opstaan. 'n Lys van dinge word genoem waaruit hul "gym" bestaan. |
| 1.18 | Iets is volmaak of sonder foute<br>Die werklikheid lyk anders en is nie volmaak nie. |
| 1.19 | Die wrede siklus van haar gesinslewe gaan aan asof niks verkeerd is nie. |
| 1.20 | Beginrym. |

| | |
|---|---|
| **ANTWOORDE** | |
| **<u>KONTEKSTUELE VRAE:</u>** | |
| 1.1 | 4 lede |
| 1.2 | "Ons" |
| 1.3 | Die kinders lyk nes hul ouers. Hul is dalk mooi mense omdat hul eksieperfeksie lyk. |
| 1.4 | Dit sê vir ons dat hul gesond eet. |
| 1.5 | Dit wat hul eet is dalk nie altyd lekker is. |
| 1.6 | Dit is smaakloos. |
| 1.7 | Hul wil nie vet raak nie/gewig aansit nie./hul is gesondheidsbewus. |
| 1.8 | Lae-GI-hawermout. |
| 1.9 | Swem/Pilates/gewigte/spin |
| 1.10 | Hul moet vroeg opstaan. |
| 1.12 | Kinders presteer. |
| 1.13 | Ja. Hul het goeie werk |
| 1.14 | Hul is voorbeeldig en het goeie morele waardes. |
| 1.15 | Hul gaan kerk toe. |
| 1.16 | Ja. Hul maak musiek |
| 1.17 | "omring" en vriendekliek" |
| 1.18 | Dit kan impliseer dat hul vasgevang word deur hul vriende en hul het nie wye vriendekring nie. |
| 1.19 | Dit dui 'n wending (verandering aan.) in hierdie strofe val die fokus op die tienermeisie in die gesin en hoe sy haarself siek maak omdat sy wil inpas by haar perfekte gesin. |
| 1.20 | Sy is 'n bietjie vet. |
| 1.21 | Sy maak haarself naar en gooi dan al haar kos op. |
| 1.22 | bulimie |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| 1.23 | Sy wil perfek wees. |
| 1.24 | Skuldig/sleg/onperfek/ongelukkig |
| 1.25 | Die meisie verkeer onder druk om perfek te wees. |
| 1.26.1 | Sy spoel haar probleme weg. |
| 1.26.2 | Sy probeer haar hande skoonwas omdat dit nou moontlik besmet is. Sy probeer haar **onperfektheid** weg was. |
| 1.27 | **Universeel**-'n Mens sal baie opoffer net om in te pas./perfek voor te kom |
| 1.28 | Jy moet jouself aanvaar nes jy is. |
| 1.29 | Die gesin is toe nie so "Eksieperfeksie" as wat hul dink nie. |
| 1.30 | Ja. Ek hou daarvan om gesond te eet. (ENIGIETS SOORTGELYK) |
| | Nee. Ek wil deel van 'n gesin wees met wie ek my probleme kan deel. (ENIGIETS SOORTGELYK) |